Lucas Maree
Direkteur: Miljoen Musiek
P O BOX 28120
Danhof
BLOEMFONTEIN
+27 51 436 5688
Faks: +27 51 436 4383
E-pos: lucas@iafrica.com

CV vir Lucas Maree

Volle name:	Lucas Lodewyk Maree
Geboortedatum:	22 Julie 1952 in Johannesburg.
Laerskool:	Danie Malan in Pretoria noord
Hoërskool:	Die hoërskool Langenhoven
Kwalifikasies:	B A Drama (UP) Nasionale sertifikaat vir Filmproduksie tegnici Nasionale diploma vir Fotografie

Probeer baie hard om 'n professionele student te bly. Sing dus in die aande by kroeë en restourante om geld te kry vir oorlewing. Begin later agterkom dat die musiek my redelik aan die gang en op goeie voet met die bankbestuurder hou. Toe besluit ek om maar die loopbaan skuif te maak en 'n volwaardige professionele musikant te bly en te vergeet van die studentelewe.

Insidente

1981 Trou ek met Ilse

1982 Skryf my eerste Afrikaanse song. Soek na baie goed maar kry min.

1983 Monica, my oudste word gebore!!!! Aangesien Ilse eintlik die broodwinner was besluit ons dat ek die mamma se rol sou speel in die huis. Ek leer baie dinge, baie vinnig. KINDERS kom nie saam met "Operator manuals" nie. Begin ook in hierdie jaar vir die ATKV as aanbieder van 'n jaarlikse ligteliedjie werkswinkel optree. Dit sou vir 21 jaar duur.

1984 Maak my eerste langspeelplaat getitel "Kiekies"

1985 Hou konserte en veg teen die Leon Shuster Image

1986 Maak 'n tweede plaat, saam met Coenie de Villiers, Jannie du Toit en Nic Tayor. Dit is 'n huldigingsalbum opgedra aan Koos du Plessis. Die titel is "Koos se Plaat" Daar word verskeie TV programme gemaak waarin video's van my liedjies gemaak is.

1987 Hou konserte en maak 'n diepgaande studie van Prokrastinasie in die natuur. Ons trek plot toe en bly heerlik in die paradys. Ek leer Mampoer stook en likeur maak. My gunsteling en bekendste likeur was die alom beminde Soetdoring likeur. Dit het die wonderlike eienskap gehad om dae soomloos aanmekaar te smelt. Linda, my middelkind word gebore!!! Sy het ook nie 'n manual nie.

1988 Die "studies" duur voort en ek raak in hierdie jaar ook betrokke by Anton Goosen en dié verbintenis lei tot die stig van 'n groep met die naam "Die Komisie van Ondersoek" asook 'n Album getiteld "Die winde van verandering" Dit het gelei tot die uiteindelike besef van hoe kortstondig die vriendskap kan wees wanneer sommige "vriende" met mekaar probeer saamwerk. In hierdie tyd leer ek ook van die wonderlike verkwikking wat potjiekos kan inhou, en my Mampoer, maar veral die likeurs floreer. Ek het in hierdie jaar ontdek wat die hoof bestanddele van Van der Hum was. Dit bly steeds my geheim. Ek het ook 'n moerbei likeur by my vaardigheid gevoeg, en die hele Bashewa distrik het by my kom klop vir proe. Ek hoor ons is weer swanger, en kap stres oor ons karre wat nie werk nie. Ons trek toe maar terug na Sunnyside toe.

1989 Terug in die "Rat Race" skryf ek vir die eerste keer weer en die ek neem 'n hele paar songs op vir TV produksies. Carla, my jongste word gebore!!! In hierdie tyd trek die vriendskap met Anton en die Komisie van Ondersoek swaar en ons gaan onvriendelik uitmekaar. Ek werk vir die volgende vyf jaar by die Universiteit van Pretoria as Asst Teaterbestuurder by die Aula teater. Doen baie beligting en klank ondervinding op. en hou steeds konserte dwarsoor die land.

1993 Maak my eerste CD. Miljoen. Ek gaan ook vir die eerste keer na Nederland en België op 'n konserttoer saam met Coenie de Villiers. Hier raak die datums vir my vaag.

1996 Maak die Album "Kiekieskonsert", die eerste LIVE album in Afrikaans, so sê hulle. Die album is baie gewild as gevolg van die LIVE elemente en die stories wat ek tussen die liedjies vertel. Tree 'n gemiddeld van 4 aande per week op.

1997 Kry baie TV dekking vir die ATKV se Ligte Liedjie werkswinkel en tree ook gereeld by die kunstefeeste op.

1998 Maak die Album "Mot om die Kers" wat 'n SAMA toekenning wen vir die Beste Afrikaanse album. Werk aan 'n hele paar produksies in samewerking met ander kunstenaars, o.a. Coenie de Villiers Jannie du Toit.

2000 Maak die Album Blouberg wat kontroversieel was as gevolg van die feit dat dit die herskryf van 'n aantal ou tradisionele Afrikaanse Volksliedjies was.

2001 Tree weereens in die buiteland op, en wel in London tydens die eerste UKKASIE kunstefees wy die Wembley Kompleks. Hier loots ek die Album "Things" my eerste Engelse CD asook die eerste Suid Afrikaanse CD wat in London vrygestel word. Ek het in hierdie tyd ook twee Radio onderhoude met BBC 5 gehad waarin ek oor die Album sowel as die stand van Suid-Afrikaanse musiek gepraat het. Gedurende die ander onderhoud was ek ook deel van 'n paneel wat 'n debat gevoer het oor die vermoë van die liedjieskrywer om sosiale en politiese persepsies te skep. Ons het ook debatteer oor die onderwerp "Het Kuns staatsondersteuning nodig of nie" My Engelse CD word sedertdien op die stasie gespeel. In hierdie jaar het ek ook 'n paar vertonings in Nieu Zeeland gehad.

2002 Maak die album "Lucas & Kie", my eerste Greatest Hits. He he he! En dit verkoop besonders goed. Ek tree ook in Stevenage (UKKASIE), verskeie kere in London sowel as Amersfoort in Nederland op. Vir die eerste twee jar was ek ook 'n voorsitter van die Trust wat verantwoordelik was vir die UKKASIE fees in London.

2003 Hierdie jaar het ongekende voorspoed met die vertonings getoon, en weereens was daar 'n paar in die buiteland.

2004 Buiten die gewone tree ek hierdie jaar vir die eerste keer as Suid-Afrikaner op die Royal Albert Hall se verhoog op in LONDON.

2005 Hierdie jaar bou ek my eie ateljee by die huis. Nou kan ek lekke by die huis werk en vir my kinders ook CD's maak. O, ja… Ek speel ook vir die eerste keer toneel in 'n vollengte Movie "Ouma se slim kind". Daar is ook nog 'n movie oppad

2006 My liedjies verskyn nou in 'n boek waarin al die akkoorde en Klavier- en Kitaarverwerkings opgeneem is.

2007 Groot jaar. Ek speel in my eerste filmrol, "*Ouma se slim kind".* Soweto String Quartet neem twee van my song op vir hulle nuwe CD wat gehoor kan word by: http://www.sowetostringquartet.co.za/main.html en die moontlikheid van nog konserte saam met hulle is onder bespreking.

2008 Tans is ek besig met die opname van 'n paar nuwe CD's: Daar is my eie musiek CD. Dan is daar ook iets vir die kinders nl 'n CD met stories wat ek geskryf het. Die kersie op die koek is die CD wat ek saam met Mathys Roets en Andre Swiegers maak (Folk Buddies) Lassgenoemde is opnames wat ons van ons gunsteling "Sixties Folk Songs". Dit sal vervaardig en versprei word deur BMG. Enige ander inligting is beskikbaar by **fttp://www.miljoen.net**